Eliminasie:
Die plasmaopruiming van losartaan en sy aktiewe metaboliet is ongeveer 600 ml/min en 50 ml/min, respektiewelik. Nieropruiming van losartaan en sy aktiewe metaboliet is ongeveer 74 ml/min en 26 ml/min, respektiewelik. Wanneer losartaan oraal toegedien word, word ongeveer 4 % van die dosis onveranderd in die urien uitgeskei, terwyl ongeveer 6 % van die dosis as die aktiewe metaboliet uitgeskei word. Die farmakokinetika van losartaan en sy aktiewe metaboliet is lineêr met losartaandosisse van tot soveel as 200 mg.
Na orale toediening in normale vrywilligers neem die plasmakonsentrasies van losartaan en sy metaboliete poli-eksponensieel af, met 'n terminale halfleeftyd van 2 ure en 6 tot 9 ure, respektiewelik.
Beide bileêre en nieruitskeiding dra tot die eliminasie van losartaan en sy metaboliete by. Na 'n orale dosis van 14C-gemerkte losartaan in die mens, word ongeveer 35 % van die radioaktiwiteit in die urien en 58 % in die feses herwin. Na 'n intraveneuse dosis van 14C-gemerkte losartaan in die mens word ongeveer 43 % van die radioaktiwiteit in die urien en 50 % in die feses herwin.

Eienskappe in pasiënte
Na orale toediening in pasiënte met gering tot matig alkoholiese sirrose van die lewer, was die plasmakonsentrasies van losartaan en sy aktiewe metaboliet onderskeidelik 5 keer en 1,7 keer hoër as dié in jong manlike vrywilligers. Die plasmakonsentrasies van losartaan word nie in pasiënte met kreatinienopruiming van meer as 10 ml/min verander nie. In vergelyking met pasiënte met normale nierfunksie is die AOK vir losartaan ongeveer 2 keer groter in pasiënte op hemodialise. Plasmakonsentrasies van die aktiewe metaboliet word nie in pasiënte met ingekorte nierfunksie of in pasiënte op hemodialise verander nie. Nóg losartaan, nog sy aktiewe metaboliet kan met hemodialise verwyder word nie.

INDIKASIES
LOSARTAN MACLEODS word aangedui vir die behandeling van hipertensie.
Nierbeskerming in tipe 2 diabetiese pasiënte met hipertensie en proteïenurie.

KONTRA-INDIKASIES

- Hipersensitiwiteit teen enige van die bestanddele van **LOSARTAN MACLEODS**.
- 'n Geskiedenis van angioëdeem wat met vorige terapie met AOE-inhibeerders of angiotensien reseptorblokkeerders (ARB) verband hou. Hierdie medisyne behoort nooit weer aan hierdie pasiënte gegee te word nie.
- Oorerflike of idiopatiese angioëdeem.
- Hipertrofiese obstruktiewe kardiomiopatie (HOKM).
- Erg ingekorte nierfunksie (kreatinienopruiming minder as 30 ml/min).
- Bilaterale nierslagaarstenose.
- Nierslagaarstenose in pasiënt met slegs een nier.
- Aortastenose.
- Meegaande terapie met kaliumsparende diuretika soos spironolaktoon, triamtereen, amiloried (sien **INTERAKSIES**).
- Porfirie.
- Litiumterapie. Die medetoediening saam met **LOSARTAN MACLEODS** mag tot toksiese bloedkonsentrasies van litium lei (sien **INTERAKSIES**).
- Swangerskap en laktasie (sien **SWANGERSKAP EN LAKTASIE**).

Pediatriese gebruik
Die veiligheid en effektiwiteit in kinders is nie vasgestel nie.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS

As 'n vrou swanger raak terwyl sy **LOSARTAN MACLEODS** ontvang, moet die behandeling onmiddellik gestaak en na 'n ander klas van antihipertensiewe medisyne oorgeslaan word (sien **KONTRA-INDIKASIES** en **SWANGERSKAP EN LAKTASIE**)

Serumkaliumvlakke behoort gereeld gemonitor te word.

Hipotensie en elektroliet/vloeistofwanbalans
In pasiënte wat intravaskulêr gedehidreer is (bv. diegene op hoë dosisse diuretika), kan simptomatiese hipotensie voorkom. Hierdie kondisies behoort voor die toediening van **LOSARTAN MACLEODS** reggestel te word of 'n laer begindosis behoort gebruik te word.
Elektrolietwanbalanse kom dikwels in pasiënte met ingekorte nierfunksie, met of sonder diabetes, voor en behoort aangespreek te word (sien **NEWE-EFFEKTE**).

Ingekorte lewerfunksie
Gebaseer op farmakokinetiese data wat 'n aansienlike toename in plasmakonsentrasies van losartaan in sirrotiese pasiënte aantoon, behoort 'n dosis van 25 mg vir pasiënte met 'n geskiedenis van ingekorte lewerfunksie oorweeg te word (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**).

Ingekorte nierfunksie
In die teenwoordigheid van ingekorte nierfunksie is veranderinge in nierfunksie as gevolg van die inhibering van die renien-angiotensiensisteem, in vatbare indiwidue aangemeld. In sommige pasiënte mag hierdie veranderinge in nierfunksie met staking van terapie omkeerbaar wees. In pasiënte wie se nierfunksie van die aktiwiteit van die renien-angiotensien-aldosteroonsisteem (bv. pasiënte met erge kongestiewe hartversaking) afhanklik is, is die behandeling met angiotensienomskakelings-ensieminhibeerders geassosieer met oligurie en/of progressiewe uremie, asook met akute nierversaking en/of dood. Soortgelyke uitkomste is met **LOSARTAN MACLEODS** aangemeld.
Medisyne wat die renien-angiotensiensisteem affekteer mag bloedureum en serumkreatinien in pasiënte met bilaterale nierslagaarstenose of stenose van die slagaar na 'n enkelnier verhoog. Soortgelyke effekte is met **LOSARTAN MACLEODS** aangemeld (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

Porfirie
Beperkte inligting is beskikbaar oor die effek van antihipertensiewe medikasie in pasiënte met porfirie. Die veiligheid van **LOSARTAN MACLEODS** in pasiënte met porfirie is nie ten volle vasgestel nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

Gebruik in bejaardes
In kliniese studies was daar geen ouderdomsverwante verskil in die effektiwiteit of veiligheidsprofiel van losartaan nie.

Effek op die vermoë om te bestuur of met masjinerie te werk
LOSARTAN MACLEODS mag duiseligheid slaapsug en moegheid veroorsaak. Pasiënte behoort gewaarsku te word teen die gebruik van gevaarlike masjinerie, insluitende bestuur van 'n motor totdat hulle redelik seker daarvan is dat **LOSARTAN MACLEODS** hulle nie nadelig affekteer nie.

Laktoseïntoleransie
LOSARTAN MACLEODS bevat laktose en is nie geskik vir pasiënte met bekende oorerflike probleme, of 'n geskiedenis van galaktoseïntoleransie, Lapp-laktasetekort of glukose-galaktose wanabsorpsie nie.

INTERAKSIES
Geen interaksies van enige kliniese betekenis is met hidrochlorotiasied, digoksien, warfarien, simetidien, fenobarbital, ketokonasool en eritromisien geïdentifiseer nie. Daar is aangemeld dat rifampisien en flukonasool die vlakke van die aktiewe metaboliet verminder. Die kliniese gevolge van hierdie interaksies is nie geëvalueer nie.
Die gelyktydige gebruik van medisyne wat angiotensien II of sy effekte blokkeer, en kaliumsparende diuretika (bv. spironolaktoon, triamtereen, amiloried), kaliumsupplemente of soutvervangers wat kalium bevat, kan tot 'n toename in serumkalium lei (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
Litiumuitskeiding mag verminder word (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
Nie-steroïed anti-inflammatoriese middels (NSAIM), insluitende sommige siklooksigenase-2 inhibeerders (COX-2 inhibeerders) mag die effek van diuretika en ander antihipertensiewe medisyne verminder. Daarom mag die antihipertensiewe effek van angiotensien II reseptorantagoniste deur NSAIM, insluitende COX-2 inhibeerders verswak word.
In sommige pasiënte met onderdrukte nierfunksie wat met nie-steroïed anti-inflammatoriese middels, insluitende siklooksigenase-2 inhibeerders behandel word, kan die medetoediening van angiotensien II reseptorantagoniste tot 'n verdere agteruitgang van nierfunksie lei. Hierdie effekte is gewoonlik omkeerbaar.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE
Die veiligheid in swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
Swangerskap
Wanneer swangerskap beplan of bevestig word behoort **LOSARTAN MACLEODS** gestaak te word. Medisyne wat die renien-angiotensiensisteem affekteer, soos **LOSARTAN MACLEODS** kan embrionale toksisiteit, fetale en neonatale morbiditeit en mortaliteit veroorsaak wanneer dit aan swanger vroue toegedien word.
Vroue wat swanger kan raak behoort effektiewe kontrasepsie toe te pas.
As 'n vrou swangerskap beplan, behoort 'n ander klas van medisyne gebruik te word.

Laktasie
Dit is nie bekend of losartaan in menslike melk uitgeskei word nie. Die veiligheid van borsvoeding in moeders wat losartaan neem is nie vasgestel nie. Beduidende vlakke van losartaan en aktiewe metaboliete is egter in die melk van rotte aangetoon.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
LOSARTAN MACLEODS kan met of sonder voedsel toegedien word.
LOSARTAN MACLEODS kan saam met ander antihipertensiewe middels toegedien word.
Hipertensie
Die normale begin- en onderhoudsdosis is 50 mg een keer per dag. Die maksimum antihipertensiewe effek word na 3 - 6 weke na die inisiëring van terapie bereik. Die dosis kan tot 100 mg een keer per dag verhoog word. Vir pasiënte met intravaskulêre dehidrasie (bv. diegene wat met hoë-dosis diuretika behandel word) behoort 'n aanvanklike dosis van 25 mg een keer per dag oorweeg te word (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**).
Geen aanvanklike dosisaanpassing is vir bejaardes of vir pasiënte met gering tot matig ingekorte nierfunksie, insluitende pasiënte op dialise nodig nie. 'n Laer dosis behoort egter vir pasiënte met 'n geskiedenis van ingekorte lewerfunksie oorweeg te word (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**).

Nierbeskerming in Tipe 2 diabetiese pasiënte met hipertensie en proteïenurie
Die normale begindosis is 50 mg een keer per dag. Gebaseer op die bloeddrukrespons mag die dosis na 100 mg een keer per dag verhoog word. **LOSARTAN MACLEODS** kan saam met ander antihipertensiewe middels (bv. diuretika, kalsiumkanaalblokkeerders, alfa- of betablokkeerders en sentraalwerkende middels), asook met insulien en ander algemeen gebruikte hipoglukemies middels (bv. sulfonielureum, glitasone, en glukosidaseïnhibeerders) toegedien word.

NEWE-EFFEKTE
Infeksies en infestasies
Dikwels: Boonste lugweginfeksies.

Psigiatriese afwykings
Dikwels: Slaaploosheid.

Afwykings van die senuweestelsel
Dikwels: Hoofpyn.
Minder dikwels: Duiseligheid, slaapsug, slaapafwykings.

Afwykings van die oor en labirint
Minder dikwels: Vertigo.

Hartafwykings
Dikwels: Hartkloppings, tagikardie.
Minder dikwels: Angina pectoris.

Vaskulêre afwykings
Dikwels: Ortostatiese hipotensie.

Respiratoriese, bors- en mediastinale afwykings
Dikwels: Hoes, faringitis, neusstuwing, sinusafwyking.

Gastroïntestinale afwykings
Dikwels: Diarree, naarheid, buikpyn, dispepsie.

Afwykings van die vel en subkutane weefsel
Minder dikwels: Uitslag.

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings
Dikwels: Rugpyn, spierkrampe.

Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening
Dikwels: Astenie/moegheid, edeem/swelling, borspyn.

Ondersoeke
Minder dikwels: Hiperkalemie, verhogings in ALT.

Die volgende newe-effekte is in na-bemarkingsondervinding aangemeld; hulle is afkomstig van spontane aanmeldings waarvan die spesifieke insidensie nie vasgestel kan word nie. Daarom is die frekwensie onbekend.

Afwykings van die bloed- en limfsisteem
Anemie

Afwykings van die immuunstelsel
Anafilaktiese reaksies, angioëdeem, insluitende swelling van die larinks en glottis wat lugwegobstruksie en/of swelling van die gesig, lippe, farinks en/of tong veroorsaak.

Afwykings van die senuweestelsel
Migraine, smaakafwyking.

Vaskulêre afwykings
Vaskulitis, insluitende Henoch-Schönlein se purpura.

Respiratoriese, bors- en mediastinale afwykings
Hoes.

Hepatobileêre afwykings
Hepatitis.

Afwykings van die vel en subkutane weefsel
Urtikarie, pruritus, eritrodermie

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings
Mialgie, artralgie.

Ondersoeke
Abnormaliteite in lewerfunksie.

Hematologiese afwykings
Trombositopenie.

Gastroïntestinale afwykings
Braking.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHED EVD BEHANDELING DAARVAN
Tekens en simptome
Daar bestaan slegs beperkte data oor oordosering in mense. Die mees waarskynlike manifestasies van oordosering sal hipotensie en tagikardie wees. Bradikardie kan weens parasimpatiese (vagus-) stimulasie voorkom. As simptomatiese hipotensie sou voorkom, behoort ondersteunende behandeling ingestel te word.
Nóg losartaan, nóg sy aktiewe metaboliet kan met hemodialise verwyder word nie.

IDENTIFIKASIE
LOSARTAN MACLEODS 50 mg
Wit tot byna wit, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette 'CL14' op die een kant gedruk en 'n breeklyn aan die ander kant.

LOSARTAN MACLEODS 100 mg
Wit tot byna wit, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette 'CL17' op die een kant gedruk en 'n breeklyn aan die ander kant.

AANBIEDING
HDPE houer met 30 tablette. Die tablette word in 'n wit HDPE houer met 'n wit kinderweerstandbiedende polipropileendeksel met pulp en hitteseël verpak.
Kouevorm aluminium stolpstrokie met 10 tablette. Pakke van 30.
Die HDPE houer en stolpstrokies word 'n voorafgedrukte kartonne verpak.

BERGINGSINSTRUKSIES
Bewaar in 'n droë plek teen of benede 30 °C. Beskerm teen lig. Hou die houer dig toe. Hou die stolpstrokie in die houer tot voor gebruik

REGSITRASIENOMMER
LOSARTAN MACLEODS 50 mg: 46/7.1.3/0205
LOSARTAN MACLEODS 100 mg: 46/7.1.3/0206

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE
Macleods Pharmaceuticals SA (Edms) Bpk
Kantoorblok 1, Bassonia Estate Kantoorpark (Oos)
Cussoniarylaan1, Bassonia Rock, Uitbr. 12, Alberton
Suid Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET
6 Augustus 2015

SKEDULERINGSTATUS

S3

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM:
LOSARTAN MACLEODS 50 mg (filmbedekte tablet)
LOSARTAN MACLEODS 100 mg (filmbedekte tablet)

Lees die hele brosjure sorgvuldig voordat u begin om LOSARTAN MACLEODS te neem.
- Hou hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.
- **LOSARTAN MACLEODS** is vir u persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u medisyne met ander mense te deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ookal het hulle dieselfde simptome.

WAT LOSARTAN MACLEODS BEVAT
Elke filmbedekte tablet bevat:
Kaliumlosartaan 50 mg/100 mg.
Bevat laktose.
Die ander bestanddele is laktosemonohidraat, gedroogde mieliestysel, povidoon, metileenchloried, silikageïmpregneerde mikrokristallyne sellulose, kolloïdale silikondioksied, magnesiumstearaat. Die filmbedekking bestaan uit hidroksipropielsellulose, hipromellose en titaandioksied.

WAARVOOR LOSARTAN MACLEODS GEBRUIK WORD
LOSARTAN MACLEODS is 'n angiotensien II reseptorantagonis wat bloeddruk verlaag.
U dokter het **LOSARTAN MACLEODS** aan u voorgeskryf omdat u aan hipertensie of hoë bloeddruk ly.

VOORDAT U LOSARTAN MACLEODS NEEM
Moenie LOSARTAN MACLEODS neem nie:
- As u allergies teen enige van die bestanddele is nie.
- As u voorheen aan angioëdeem gely het (swelling van die gesig, lippe, mond, tong of keel of moeite met sluk of asemhaling) terwyl u 'n AOE-inhibeerder of angiotensienreseptorblokkeerder soos losartaan gebruik het.
- As u aan oorerflike of idiopatiese (onbekende oorsaak) tipe angioëdeem ly.
- As u aan aortastenose, 'n vernouing van die aortaklep tussen die ventrikel (groot pompkamer van die hart) en die aorta (die hoofslagaar wat weg van die hart loop, ly.
- As u aan hipertrofiese obstruktiewe kardiomiopatie ly; 'n hartafwyking waartydens die wande van die ventrikels (benede hartkamers) verdik en styf word. Die verdikte spiere blokkeer die vloei van bloed uit die hart uit.
- As u aan 'n vernouing van die bloedvate na beide niere of na 'n enkel funksionerende nier ly.
- As u diuretika (waterpille) neem wat veroorsaak dat u liggaam kalium terughou, soos spironolaktoon, triamtereen en amiloried.
- As u aan porfirie ly.
- As u medisyne neem wat litium bevat.
- As u swanger is of dink dat u swanger mag wees.
- As u beplan om swanger te raak.
- As u borsvoed.

Neem spesiale sorg met LOSARTAN MACLEODS:
Dit is belangrik om u dokter in kennis te stel:
- As u aan oormatige braking en diarree ly wat tot 'n oormatige verlies aan vloeistof of sout lei, of as u diuretika ontvang (medisyne wat die hoeveelheid water wat deur u niere uitgeskei word, verhoog), of as u op 'n beperkte soutdieet is wat tot 'n uitermatige verlies aan vloeistof en sout in u liggaam lei - die behandeling met **LOSARTAN MACLEODS** kan tot lae bloeddruk lei. U dokter sal u eers behandel om die verlies aan vloeistof en sout in u liggaam reg te stel of u op 'n laer begindosis van **LOSARTAN MACLEODS** begin.
- As u aan 'n niersiekte met of sonder diabetes ly.
- As u aan 'n lewersiekte soos sirrose ly - u dokter mag u op 'n laer begindosis van 25 mg begin.
- As u aan kongestiewe hartversaking ly ('n siekte van die hart wat kortademheid, en swelling van die voete of bene weens die opbou van vloeistof veroorsaak) - behandeling met **LOSARTAN MACLEODS** kan tot 'n afname in die volume urien, hoë ureumvlakke in die bloed met akute nierversaking en selfs die dood lei.
- As u aan vernouing van die bloedvate na beide niere of na 'n enkel funksionerende nier ly - **LOSARTAN MACLEODS** kan die hoeveelheid ureum en kreatinien in die bloed verhoog.

U dokter sal gereelde bloedtoetse voorskryf om die kaliumvlakke in u bloed te monitor.

Die neem van LOSARTAN MACLEODS saam met voedsel en vloeistof:
LOSARTAN MACLEODS kan met of sonder voedsel geneem word.

Swangerskap en borsvoeding:

As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker vir advies nader voordat u **LOSARTAN MACLEODS** neem.

U behoort nie LOSARTAN MACLEODS te neem as u swanger is of borsvoed of beplan om swanger te raak nie.
Die gebruik van **LOSARTAN MACLEODS** terwyl u swanger is of borsvoed word nie aanbeveel nie. As u swanger is of swanger raak terwyl u **LOSARTAN MACLEODS** gebruik, moet u ophou om **LOSARTAN MACLEODS** te neem en so gou as moontlik u dokter raadpleeg.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
Sommige mense mag duiselig, slaperig en moeg voel terwyl hulle **LOSARTAN MACLEODS** neem. Sorg word aanbeveel wanneer gevaarlike masjinerie, insluitende motorvoertuie gebruik word tot tyd en wyl u redelik seker is dat **LOSARTAN MACLEODS** u nie nadelig affekteer nie.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van LOSARTAN MACLEODS
Stel u dokter in kennis as u aan galaktosemie ly ('n kondisie waarin die liggaam nie in staat is om die suiker galaktose te gebruik nie) of aan glukose / galaktose wanabsorpsiesindroom ly. **LOSARTAN MACLEODS** bevat laktose en is daarom ongeskik vir gebruik in pasiënte met hierdie afwykings.

Die neem van ander medisyne saam met LOSARTAN MACLEODS:

Stel altyd u professionele gesondheidswerker in kennis as u enige nader medisyne neem. (Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in.

Stel u dokter in kennis as u enige van die volgende medisyne neem:
- Medisyne wat litium bevat (gebruik vir sommige psigiatriese siektes)
- Sekere tipes pynstillers wat nie-steroïed anti-inflammatoriese middels (NSAIM) genoem word, soos ibuprofen, diklofenak en COX-2 inhibeerders soos selekoksib.
- Medisyne wat die hoeveelheid kalium in u bloed verhoog. Dit sluit kaliumsupplemente of soutvervangers wat kalium bevat, kaliumsparende diuretiese medisyne (waterpille) (bv. spironolaktoon, triamtereen, amiloried) en heparien (bloedverdunner) in.
- Rifampisien (gebruik vir TB).
- Flukonasool (swamwerende medisyne).

HOE OM LOSARTAN MACLEODS TE NEEM

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is met enigiemand anders deel nie.
Neem **LOSARTAN MACLEODS** altyd presies soos deur u dokter voorgeskryf. Bevestig met u dokter of apteker as u onseker is.
As u van mening is dat die effek van **LOSARTAN MACLEODS** te sterk of te swak is, moet u u dokter of apteker raadpleeg.

Neem **LOSARTAN MACLEODS** elke dag, presies soos deur u dokter voorgeskryf. U dokter sal, afhangende van u kondisie op die toepaslike dosis van **LOSARTAN MACLEODS** besluit. Om beheer van u bloeddruk te behou is dit belangrik om **LOSARTAN MACLEODS** te neem vir solank u dokter dit voorgeskryf het.
Die normale dosis van **LOSARTAN MACLEODS** is 50 mg per dag om u bloeddruk oor die 24-uur periode te beheer.
Vir gemak en om u te help onthou moet u probeer om **LOSARTAN MACLEODS** op dieselfde tyd elke dag te neem.

Gebruik in kinders
Daar bestaan geen ondervinding met die gebruik van losartaan in kinders nie. Daarom behoort **LOSARTAN MACLEODS** nie aan kinders toegedien te word nie.

Gebruik in bejaardes
Die meeste bejaarde pasiënte benodig dieselfde dosis as jonger pasiënte.

As u teveel LOSARTAN MACLEODS neem
In geval van 'n oordosis, raadpleeg onmiddellik u dokter sodat mediese aandag onmiddellik geskenk kan word.

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

As u vergeet om LOSARTAN MACLEODS te neem
Probeer om **LOSARTAN MACLEODS** daagliks soos voorgeskryf te neem. Moenie 'n ekstra dosis neem as u vergeet om dit te neem nie. Gaan voort met u normale skedule.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
LOSARTAN MACLEODS kan newe-effekte hê.
As die volgende gebeur, moet u ophou om LOSARTAN MACLEODS te neem en onmiddellik u dokter in kennis stel, of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal:
- Swelling van die gesig, tong, keel, hande, lippe of mond wat moeite met sluk en asemhaling kan veroorsaak.
- Urtikarie.
- Erge velreaksies wat blaasvorming kan insluit.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As u daaraan ly het u moontlik 'n ernstige allergiese reaksie teen **LOSARTAN MACLEODS**. U mag dringende mediese aandag of hospitalisering nodig.

Stel onmiddellik u dokter in kennis of gaan na die ongevalle afdeling van u naaste hospitaal as u enige van die volgende waarneem:
- Borspyn.
- Angina.
- Veranderinge in die manier waarop u hart klop, bv. as u opmerk dat dit vinniger klop.
- Wydverspreide rooi verkleuring van die vel met die vel wat in skilfers of lae afdop (eritrodermie).
- Minder urien as normaal.

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. U het moontlik dringende mediese hulp nodig.

Stel u dokter in kennis as u enige van die volgende newe-effekte waarneem, as hulle u kwel of as hulle nie wil verdwyn nie:
- Lugweginfeksies.
- Moeite met slaap (slaaploosheid).
- Hoofpyn, duiseligheid, slaperigheid of slaapafwykings, migraine.
- Smaakafwyking.
- Draaigevoel.
- Lae bloeddruk met opstaan vanuit 'n sittende of lêende posisie. Dit mag u flou of duiselig laat voel.
- Hoes, keelontsteking, verstopte neus, sinusprobleme.
- Diarree, naarheid, braking, maagpyn/-kramp, omgekrapte maag.
- Uitslag, jeuk, urtikarie.
- Rugpyn, spierkrampe, spierpyn, gewrigspyn.
- Swakheid, moegheid.
- 'n Toename in die hoeveelheid kalium in u bloed. As dit erg is mag u moegheid, swakheid, ongereelde hartklop of spelde en naalde waarneem.
- 'n Afname in die aantal rooi- en witbloedselle. U mag moegheid, 'n infeksie of 'n koors waarneem.
- Verandering in u lewerfunksie, insluitende inflammasie van die lewer (hepatitis). U mag moegheid, geel verkleuring van u vel of oë en griepagtige simptome waarneem, bloedtoetse mag 'n toename in die vlakke van die lewerensiem ALT in die bloed aantoon.
- Inflammasie van die bloedvate.
- Trombositopenie ('n lae bloedplaatjietelling) wat tot meer gereelde bloeding en kneusing lei.

Nie al die newe-effekte wat vir **LOSARTAN MACLEODS** aangemeld is word in hierdie blaadjie gelys nie. As u algehele gesondheid agteruitgaan of u ondervind enige nadelige effekte terwyl u **LOSARTAN MACLEODS** neem, moet u asseblief u dokter, apteker of professionele gesondheidswerker vir advies raadpleeg. As u enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie blaadjie genoem word nie, moet u asseblief u dokter of apteker in kennis stel.

OPBERGING EN WEGDOEN VAN LOSARTAN MACLEODS:
Bewaar in 'n koel en droë plek by of onder 30 °C en beskerm teen lig. Hou die houer dig toe. Moenie die stolpverpakking oopmaak tot voor gebruik nie.
HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.
Moenie die medisyne gebruik na die maand en jaar na EXPIRES/VERVAL op die karton.

AANBIEDING
HDPE houer met 30 tablette:
Die tablette word in 'n wit HDPE houer met 'n wit kinderweerstandbiedende polipropileen skroefdeksel met pulp en hittegeseëlde voering verpak.
Kouevorm aluminium stolpstrokie met 10 tablette. Pakke van 30.
Die HDPE houer en stolpstrokies word in 'n voorafgedrukte buitenste houer verpak.

IDENTIFIKASIE
LOSARTAN MACLEODS 50 mg:
'n Wit tot byna-wit, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablet met 'CL14' op die een kant gedruk en 'n breeklyn aan die ander kant.

LOSARTAN MACLEODS 100 mg:
'n Wit tot byna-wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablet met 'CL17' op die een kant gegraveer en 'n breeklyn aan die ander kant.

REGISTRASIENOMMER
LOSARTAN MACLEODS 50 mg: 46/7.1.3/0205
LOSARTAN MACLEODS 100 mg: 47/7.1.3/0206

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER
Macleods Pharmaceuticals SA (Edms) Bpk
Kantoorblok 1, Bassonia Estate Kantoorpark (Oos)
Cussoniarylaan1, Bassonia Rock, Uitbr. 12, Alberton
Suid Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE INLIGTINGSBROSJURE VIR PASIËNTE
6 Augustus 2015

PACKAGING RESEARCH & DEVELOPMENT

Restricted Circulation

(Front Page)

ARTWORK / PRINTPROOF APPROVAL FORM

1. Product: LOSARTAN MACLEODS 50 mg / 100 mg	
2. Country: South Africa	**3. Packaging component: Package Insert & Patient Information Leaflet**
4. No. of Colours: 1 Colour	**5. Pantone Shade No.: Black**
6. Specification: 40 gsm bible paper	
7. Machine Layout No.: NA	**8. Dimensions: 335 x 475 mm**
9. Design / Style: (Booklet type)	**10. Item code No.: PM02852301**
11. Artwork has been made: Actual Size	**12. Pharma code No.: 19852 mini**
13. Barcode/NDC no: NA	**14. Supersedes Item code No: NA**
15. Revision no: 00	**16. File Name : E:\ANDA Regulatory\South Africa\Losartan\01\Losartan PI & PIL Common PM02852301.cdr**
Approved By:	**17. Location: Baddi**

PRD	M.A. HOLDER	MEDICAL/RAD	QC	PRODN	QA
	Shahaboodeen Charfaray Digitally signed by Shahaboodeen Charfaray DN: cn=Shahaboodeen Charfaray, o=Macleods SA, ou=Macleods SA, email=shahaboodeenc@macleodspharma.com, c=ZA Date: 2018.09.12 11:11:38 +02'00'				

Note: 1. To follow overleaf checklist for approval of Artwork / Print proof.

Instructions to Vendor :

1. Before processing, please ensure First pull out / Commercial supply should match with approved Artwork with respect to Design, Size, Fonts & Text.
2. Print proof to represent full printing area with Station Numbers.

Reason for revision :	Item code	Artwork Release Date	Artwork Implementation Date
1) New Artwork for South Africa	PM02852301		